

Hoe  
GOD  
Jou Huwelik  
Kan en Sal  
Herstel

*'n Boek vir Vroue  
Van Iemand wat Daar Was!*

Erin Thiele



Voorblad konsep deur Dallas Thiele • NarrowRoad Publishing House

# Hoe GOD Jou Huwelik Kan en Sal Herstel

*Van Iemand wat Daar Was!*

Deur Erin Thiele



Gepubliseer deur:  
NarrowRoad Publishing House  
POB 830  
Ozark, MO 65721 U.S.A.

Die materiaal van Restore Ministries was geskryf vir die doel om vroue aan te moedig. Vir meer inligting, neem asseblief 'n oomblik om ons te besoek by:

**[www.UiteindelikHoop.com](http://www.UiteindelikHoop.com)**  
**[www.RestoreMinistries.net](http://www.RestoreMinistries.net)**

Toestemming van die skrywer is gegee aan diegene wat hierdie boek vir hulself of ander wil druk of fotografeer, streng vir aanmoediging en inligting; Sulke kopieë of herdrukke kan egter nie in enige vorm verkoop word sonder vooraf skriftelike toestemming van die outeur nie.

Tensy anders aangedui, word die meeste Skrifverseë uit die 1953 Vertaling (Ou Vertaling) geneem. Skrifaanhalings gemerk (NV) is geneem uit die 1983 Vertaling van die Bybel. Ons bediening is nie ten gunste van enige spesifieke weergawe van die Bybel nie, maar hou van hulle almal sodat ons elke vrou kan help in enige denominasie wat aanmoediging nodig het en wat 'n begeerte het om meer intimiteit met haar Verlosser te verkry.

Kopiereg © 2019

Library of Congress Control number: 2019902362

ISBN: 1-931800-44-8

ISBN 13: 978-1-931800-44-0

# Inhoudsopgawe

1. My Geliefde .....	4
2. Die Pottebakker en die Klei .....	27
3. Jy Moet Geloof Hê.....	35
4. Allerhande Versoekinge.....	41
5. Jou Eerste Liefde.....	52
6. Twisgierige Vrou .....	61
7. Vriendelike Onderrigting is op Haar Tong .....	69
8. Sonder Woorde .....	82
9. Sagmoedig en Stille Gees .....	99
10. Hy Lei die Hart .....	110
11. Want Ek Haat Egskeiding .....	117
12. Die Wat God Soek .....	126
13. Wonderbaar Raadsman .....	141
14. Eerste 'n Klip op Haar Gooi .....	152
15. Venster van die Hemel Oopmaak .....	162
16. Sleutels van die Koninkryk van die Hemel .....	178
17. Staan in die Gaping .....	190
Oor die Skrywer .....	198

---

# Hoofstuk 1

---

## My Geliefde

*“Ek dank God...wanneer ek onophoudelik  
nag en dag aan jou in my gebede dink,  
terwyl ek verlang om jou te sien  
as ek aan jou trane dink,  
sodat ek met blydschap vervul kan word.”*  
—2 Tim 1:3-4

Beste Geliefde Suster in Christus,

Dit is nie per toeval dat jy hierdie boek in jou hande hou nie, dit is deur Goddelike Voorsiening. God het jou roep om hulp gehoor, net soos hy myne gehoor het en Hy het gekom om jou te red. Die bladsye wat volg sal vir jou ‘n gids wees, net soos Hy vir my gelei het toe ander gesê het dat my situasie hopeloos was.

Wat Hy van my gevra het was nie maklik nie, en dit sal ook nie vir jou maklik wees nie. Maar as jy ‘n wonderwerk in jou lewe wil hê, kan dit gebeur. As jy ‘n getuienis wil wees aan ander van God se betroubaarheid, sal dit gebeur. As jy werklik wil hê dat God ‘n huwelik sal herstel wat hopeloos is, dan moet jy aanhou lees. God kan en sal jou huwelik herstel, net soos Hy myne herstel het.

Die Bybel sê dat “die HERE—Sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is.” (2 Kron. 16:9). Hy het jou gesoek om jou te help. Is jy gereed?

Jy sal geesdriftige gehoorsaamheid nodig hê. “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.” (Matt. 7:13-14). Dit is jou keuse:

Om die nou poort wat na die hemel toe lei te kies of om nou om te draai en weg te stap.

Dit is nou die tyd om te kies. “Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die **HERE** jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae...” (Deut. 30:19-20).

As jy nog besig is om te lees, en nog nie hierdie boek weggegooi het nie, dan het jy gekies om voort te gaan. Trane is in my oë as ek dink aan die glorieryke herlewing van jou huwelik en gesin wat op jou wag. Ek bid vir seëninge vir elkeen van julle. Ek jubel dat ons eendag sal ontmoet aan hierdie kant of aan die ander kant “die Hemel”, waar daar geen trane is nie.

Geliefde Suster in Jesus Christus, God kan en sal jou huwelik herstel: jy het Sy Woord. “Maar Jesus antwoord en sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle nie alleen doen wat met die vyeboom gebeur het nie; maar al sê julle ook vir hierdie berg: Hef jou op en werp jou in die see—sal dit gebeur.” (Matt. 21:21).

Aangesien jy hierdie boek lees, neem ek aan dat jy ‘n krisis in jou lewe ondervind met jou huwelik. Het jou eggenoot jou verlaat? Het jy hom verlaat of gevra dat hy jou verlaat? Dalk het jy hierdie boek in die hande gekry voordat enige een van julle hierdie drastiese stap geneem het. Om jou eggenoot te verlaat selfs al het julle oor egskeiding gepraat in ‘n argument of selfs al is jy geskei, moet jy glo dat “En ons weet dat vir hulle wat God *liefhê*, alles ten goede [**kan**] meewerk, vir hulle wat na **Sy voorneme** geroep is.” (Rom. 8:28).

Soos jy deur persoonlike beproewing in jou huwelik gaan, as jy regtig wil hê dat dinge ten goede moet uitwerk, moet jy God eers liefhê en werklik **Sy** doel vir jou lewe begeer.

Op hierdie oomblik is Sy doel om jou nader aan Hom te trek, om jou te herskep om Sy ewebeeld te wees. En hou moed, want God het gesê, “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat.” (Heb. 13:5). God sal altyd aan jou

sy wees: “Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want *U is met my.*” (Ps. 23:4.)

Ek is seker dat “die donker dieptes” presies beskryf hoe jy oor jou situasie voel, maar God het dit toegelaat vir **jou eie beswil**.

Eers na die beproewing sal jy so suiwer soos goud wees “Daarin verheug julle jul, al word julle nou—as dit nodig is—'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud (wat vergaan) maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid.” (1 Pet. 1:6-7).

Die belangrikste ding wat jy nou moet doen is om “stil te wees en weet Ek is God...” (Ps. 46:10). Dan moet jy God se wil doen. Maak seker dat alles wat jy doen en alles wat jy sê volgens die Bybel is. Doen alles soos dit in die Bybel geskrywe staan.

God het geen begeerte dat jou huwelik vernietig moet wees nie. Daarby het Hy gesê, “Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.” (Matt. 19:5–6). Die Here God van Israel sê ook “Hy haat egskeiding”. ‘Neem julle dan in ag ter wille van julle gees...’ (Mal. 2:16).

Satan is die een wie wil hê jou huwelik moet vernietig word, nie Jesus nie, nie God nie. Onthou dat “Die dief (satan) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle (jy) lewe en oorfloed kan hê.” (Joh. 10:10). Moenie satan se leuens glo nie maar “en **elke** gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus.” (2 Kor. 10:5).

Moet satan nie toelaat om jou eggenoot te steel nie. Moet satan nie toelaat om jou gesin, jou lewe en jou kinders te vernietig nie. Moet satan nie toelaat om jou toekoms te steel nie. Glo my en glo ander wie vir jou uit ondervinding kan vertel dat egskeiding jou kinders se toekoms sal steel, sowel as jou eie.

Volg eerder God se weg. Neem God as jou eggenoot terwyl jy wag vir die herstel van jou huwelik, “Want jou Maker is jou Man ...” (Jes. 54:5). “Want berge mag wyk en heuwels wankel, maar my goedertierenheid sal

van jou nie wyk en my vredeverbond nie wankel nie, sê die HERE, jou Ontfermer.” (Jes. 54:10).

Lees die Bybel en laat Hy jou “reinig met die waterbad deur die Woord.” (Efe. 5:26). Bid, en glo wat die Bybel sê en moenie glo wat jy sien nie, want “die geloof is 'n vaste vertrou op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons **nie sien nie.**” (Hebr. 11:1). “En sonder geloof is dit onmoontlik om (God) te behaag...” (Heb. 11:6).

Niemand, behalwe God weet waardeur jy nou gaan nie of watter antwoorde jy nou nodig het nie. As jy bid (praat net met God) en luister na Hom (lees Sy Woord, die Bybel), **dan sal Hy jou lei** na die oorwinning wat Hy vir jou het. Moenie kies om te doen wat ander mense sê nie, die mense van die wêreld, vriende in die kerk, pastore, of enige ander raadgewer wat jou iets vertel wat hy gelees of gehoor het nie. As jy bid en God se Woord lees, sal God eerste met jou praat, in jou hart, gedurende die tyd wat jy, jou Bybel lees; dan sal iemand **bevestig** in watter rigting **Hy** jou stuur, wat in lyn met Sy woord sal wees!

Meeste mense, christene of nie, vertel jou van dinge wat goed klink en wat goed voel. Maar as dit nie volg wat die Bybel sê nie, **is dit verkeerd!** Jy gaan agteruitgaan. “Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie.” (Ps. 1:1). Wanneer dit van God is, klink dit onmoontlik (soos om te glo dat jou huwelik gered kan word wanneer almal vir jou sê “moenie”!) en jy sal altyd die Heilige Gees nodig hê om jou te help om die taak uit te voer.

**Moenie impulsief optree nie.** God sê gewoonlik, “Wag!” Baie kere as jy wag, verander Hy die omstandighede. God sê Hy is die “Wonderbare Raadsman” (sien Jes. 9:6). Wil jy nie die beste hê nie? Wil jy nie ‘n berader hê wat weet wat die toekoms inhou nie? Een wie eintlik jou man se hart kan versag? Daar is net Een wie vir jou die regte rigting kan wys. Vertrou God en God alleen! Daar is eintlik **meer** verbrokkelde huwelike in die kerk as in die wêreld, so moenie enige christen, christelike berader of pastoor volg wat vir jou wêreldse raad in plaas van God se raad gee nie.

Dit is so hartseer dat meeste huwelike juis deur christen huweliksberaders vernietig word. Hulle kry 'n paartjie sover om oor die verlede te praat en om dit te sê wat nooit geuiter moes word nie. Wrede aantuigings is slegs leuens van satan of gevoelens van die vlees. Die berader sal dan meestal na alles weergegee is, sê dat die huwelik nie gered kan word nie.

As iemand vir jou gesê het (jou eggenoot ingesluit), dat jou situasie hopeloos is, dan moet jy begin om die Here te prys. Hopelose situasies is presies wat God gebruik om Sy Mag te bewys! “By mense is dit onmoontlik, maar **by God** is alle dinge moontlik!” (Matt. 19:26).

**Werk saam met God.** En moenie dink dat sonder jou eggenoot se hulp en samewerking jou huwelik nie gered of verbeter kan word nie. Ons bediening was gestig deur en vir mense waar daar net een eggenoot was wat wou hê dat hulle huwelik herstel moet word! Al wat jy benodig is jou hart en God se krag. “want die **HERE**—sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeelde op Hom gerig is.” (2 Kron. 16:9).

Ek het die vooreg gehad om berading te ontvang by die ‘Beste Berader’ en ek wil graag sekere gedeeltes, wat Hy met my gedeel het deur Sy Woord, met jou deel. Geen twee situasies is ooit dieselfde nie, nietemin Sy Woord is op almal van toepassing. “Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus, die Vader van ontferming en die God van alle vertroosting, wat ons troos in al ons verdrukking, sodat ons dié wat in allerhande verdrukking is, kan troos deur die vertroosting waarmee ons self deur God getroos word.” (2 Kor. 1:3-4).

**Deursoek Sy Woord**, nadat jy gebid het. “Bid, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind...” (Matt. 7:7). “En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyte, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie— so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.” (Jak. 1:5-8).



Jy moet geloof hê! En waar kry jy geloof? Van God! Vra van Hom geloof, want “Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer...”(Jak.1:17).

## God se Woord, Sy beginsels

Geliefde, welke geval jy die Bybel goed ken of nog nooit gelees het nie, **slegs** die Bybel moet jou riglyn wees om jou huwelik te red. Die boek wat jy lees, besit al die verse wat God gebruik het om my deur die vuurdoop te lei na herstel.

God het aan my gewys dat ek baie van die beginsels van die huwelik verbreek het. Hy het my ook my ander sondes openbaar waarvan ek onbewus was of nooit mee gedeel het nie (deur sondebelydenis). Al hierdie sonde en oortredinge het gelei tot die verbrokkeling van my huwelik.

Dit is dieselfde met **almal** wat vind hulle huwelike is besig om te verbrokkel of heeltemal vernietig, jy ingesluit! Jy sal binnekort uitvind, indien jy nog nie daarvan bewus is nie, dat dit nie net jou man is wat God se beginsels oortree het nie. Jy sal vind, soos ek, dat jy baie bygedra het tot die verbrokkeling van jou huwelik. Hierdie insig sal die keerpunt wees soos jy, jou oortredinge aanvaar en kyk daarna, nie jou man s'n nie.

Die wysheid wat ek geleer het deur die lees van die verse wat die Here my na gelei het, het my help verstaan wat die Bybel regtig is en wat dit behoort te wees in my lewe – my riglyn. Die Bybel is vol geestelik wette van God se skepping. Toe God die wêreld geskape het, het Hy dit nie net met fisiese wette, soos die wet van gravitasie, maar Hy het ook geestelike wette ingestel.

Net soos die oortreding van ‘n fisiese wet van gravitasie nagevolg sal hê soos ons wat struikel of ‘n voorwerp wat val, so sal die oortreding van beginsels van die Woord rakende die huwelik verbrokkeling in jou huwelik veroorsaak.

Nog ‘n ongelooflike ontdekking is dat die wêreld se weë **altyd** die teenoorgestelde is van God se weë en Sy Woord. Die manier hoe jy gehandel het met jou man wat jou verlaat het, sy egbreuk, sy drankmisbruik of dwelms of die egskedingspapiere, meer as waarskynlik is dieselfde

manier waarmee iemand in die wêreld daarmee sou gehandel het. Wat jy sal vind, soos ek het, dat dit presies die **teenoorgestelde** manier is as wat God bedoel het ons toetse moet hanteer om oorwinning te kry. "...Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof." (1 Joh. 5:4).

Toe ek God se weg begin volg het, wat die teenoorgestelde weg is wat almal gevolg het, het ek begin sien hoe my huwelik omdraai. Die weg van die wêreld eindig **altyd** in vernietiging, maar God se weg bring **altyd** genesing en restorasie. "Hy wat in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai." (Gal. 6:8).

Ek het 'n kitsgids saamgestel in hierdie hoofstuk om jou **onmiddellik** te help om jou huwelik uit 'n krisis te kry. Hierdie beginsels, indien jy dit nougeset volg met 'n opregte en nederige hart, sal 'n onmiddellike toekomstige restorasie van jou huwelik tot gevolg hê. Hierdie is nie deur ek self **gewaarborg** nie, maar wel deur God se Woord.

Hoe meer 'n vrou hierdie beginsels volg, hoe meer restorasie sal sy sien as 'n direkte gevolg van haar gehoorsaamheid. Hulle wat in 'n krisis bly, of wat nooit hulle huwelik restorasie sien nie, is hulle wat geweier het om te glo en aan die geestelike wette van God of verkeerdelik glo dat hulle bo God se wette is. Een van die "Wees Aangemoedig" kasette is volkome gewy aan getuienisse van foute wat vrouens weerhou het van hulle restorasie.

Indien jy een van daardie persone is wat sterk glo dat jy nie "onder die wette" is nie en daarom vry is om God se wette te oortree, "mag dit nooit wees nie!"

"Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? **Nee, stellig nie!**" (Rom. 6:15).

"Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? **Nee, stellig nie!** Inteendeel, ons bevestig die wet." (Rom. 3:31).

"**Nee, stellig nie!** Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" (Rom. 6:2).

Hulle wat die wet van gravitasie verstaan het geleer om bo dit uit te styg, wat daartoe gelyk het dat die mens daartoe in staat is om te vlieg. Die christen wat die Woord van God studeer sal bo die wêreld uitstyg en die ongelowige verbaas wat dan God sal soek. Nietemin, 'n persoon wat glo dat hy bo die wet van gravitasie is, en die wet oortree deur by 'n vliegtuig uit te spring sonder 'n valskerm sal doodval. Dit is waarom so baie christenlewens vol vernietiging is.

## Glo en Wees Gehoorsaam

Indien jy soos baie vrouens is wat hulle huwelike wil red, moet jy nie glo dat God jou huwelik kan red nie, maar jy moet ook die Woord gehoorsaam wees. Hierdie boek is saamgestel deur iemand wat desperaat was – desperaat om God se Woord te volg – **wat ook al!** Is jy bereidwillig om God se Woord te volg, wat ook al die koste? Al maak dit hoe seer? Die vraag wat jy, jouself moet vra is “Hoe belangrik is dit om my huwelik te red?”

**Ontvang enigiets.** Indien jy nie God met ywer gehoorsaam nie, kan jy nie enigiets van Hom verwag nie, want jy is besluiteloos. “Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal **ontvang** nie— so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.” (Jak. 1:7-8). “Twyfelaars haat ek, maar u wet het ek lief.” (Ps. 119:113).

**Geloof uit dade.** As jy sê jy het geloof om God te vertrou vir jou huwelik, “handel” dan daarvolgens. “*Wat baat dit*, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof **uit jou werke**, en ek sal jou uit my werke my geloof toon.” (Jak. 2:14, 18). Daar is soveel getuïenisse van hulle wat gekies het om te “glo” in plaas van om gehoorsaam te wees. Almal van hulle “glo” steeds vir hulle huwelik, maar nie **een** is gerestoreer nie.

**Skeur dit uit, en gooi dit weg.** Weereens, hoe belangrik is dit vir jou om ‘n gerestoreerde huwelik te hê? Is jy desperaat genoeg om te doen “wat dit ookal vat” om dit te red? As jy nie glo dat God ons tot daardie manier van gehoorsaamheid roep nie, kyk dan wat Jesus sê in (Matt. 5:29-30). “As jou regteroog jou dan laat struikel, **ruk dit uit en gooi dit weg van jou af**; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaen en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaen en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie.”

Deur die hele hoofstuk van Mattheus 5, roep Jesus ons tot hoër gehoorsaamheid as wat geskryf is in die Ou Testament. Lees dit om jouself te motiveer tot die punt waar jy begin fanaties lyk. Indien wat jy nou doen nie mal lyk vir ander nie, dan behoort jy meer radikaal te word in jou verbintenis aan jou huwelik, want dit is wat dit vat.

Ons moet almal wees soos Petrus in ons gehoorsaamheid. Elke keer wanneer hy gevra was om iets te doen, soos toe hy Jesus toegelaat het om sy voete te was, het hy oorboord gegaan. Hy het tot oorboord gegaan toe Jesus vir hom gevra het om uit die boot te klim. Hy was die enigste een wat Jesus met soveel ywer gevolg het. Net so, het Jesus Petrus vermaan oor sy klein geloof. Is jy loutarm? “Maar nou, **omdat jy loutarm is** en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug.” (Open. 3:16).

**Glo en vertrou dat God jou wil en kan restoreer en herbou, jou huwelik en jou familie.** God het nie enige ander persoon daar buite vir jou nie, Hy dink ook nie jy het die verkeerde persoon gekies om mee te trou nie. “Want die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde; maar as die man sterwe, is sy ontslae van die wet van die man. Daarom dan, as sy ‘n ander man s’n word terwyl haar man lewe, sal sy ‘n **egbreekster** genoem word; maar as die man sterwe, is sy vry van die wet, sodat sy nie ‘n egbreekster is as sy ‘n ander man s’n word nie.” (Rom. 7:2-3).

Indien jy dink aan weer trou, dit is nie ‘n opsie nie. Daardie tweede huwelik het ‘n **minder as 20%** kans op oorlewing. Jy sal ‘n 8 uit 10 kans hê om deur nog ‘n pynlike egskeding te gaan! Dan is dit na nommer drie en vier. Stop nou by watter getal jy ookal is. Daar is ‘n beter weg!

In plaas daarvan, “Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op die HERE!” (Ps. 27:14). (Sien ook Ps. 27:14, Jes. 35:4.) “Help U ons tog teen die vyand, want hulp van mense – dit is niks. Met God aan ons kant sal ons oorwin, Hy self sal ons vyande vertrap.” (Ps. 60:11). (Sien ook Ps. 108:12.) (Lees asseblief hoofstuk 11, “Want Ek Haat Egskeiding” vir meer inligting.)

**Moenie met ander praat oor jou situasie nie; Praat eers met God; deursoek sy Woord vir die antwoord.** “...soek, en julle sal vind...” (Matt. 7:7, Luke 11:9). “Hy is die Wonderbare Raadsman.” (Jes. 9:6). “Moenie die raad van die goddeloses volg nie.” (Ps. 1:1). Moenie met ander praat oor jou situasie nie: “...Een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos vretende kanker.” (Ps. 140:11).

Ook, “Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.” (Spr. 31:11). En “Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.” (Matt. 12:37). “...iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende.” (Spr. 16:28). (Sien ook Spr. 17:9.) (Sien hoofstuk 7, “Gaafheid uit haar Mond” vir meer kennis. Sulke kennis is uiters noodsaaklik en nie opsioneel nie: “My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewys is nie.” Hos. 4:6.)

Vra God vir ‘n **vroulike** gebedsmaat wat God saam met jou sal vertrou vir jou en jou huwelik. Bly weg van **enkelopende groepe!** Jy hoort **nie** daar as jy ‘n begeerte het om jou huwelik te herstel nie. Bly weg van “ondersteuningsgroepe” wat niks meer as “selfbejammerings partytjies” is nie. As jy ‘n gerestoreerde huwelik wil hê, moenie ‘n egskeidings herstel groep bywoon wat jou net sal aanmoedig om aan te beweeg nie. Jy moet nou kies of jy hoop of beëindiging wil hê vir jou huwelik.

In plaas van om by ‘n groep aan te sluit, stel ons voor dat jy bid en God vra vir **een** ander vrou wat jou sal help. Ek het slegs een persoon en God gehad. Al wat jy nodig het is een ander persoon en God. Deur ons webblad kan jy ‘n bemoedigingsmaat vind wat sal verstaan.

**Stop alle rusie met jou man!** Hierdie een beginsel sal ‘n besluitende faktor wees of jou huwelik herstel gaan word. Daar is so baie verse oor hierdie onderwerp, ek kan bladsye en bladsye tik vir jou. Hier is ‘n paar: “...kom

**betyds** tot ‘n skikking solank jy nog saam met hom *op pad hof toe* is...!” (Matt. 5:25). “‘n Sagte antwoord laat woede bedaar; ‘n krenkende woord laat woede ontvlam.” (Spr. 15:1). “Om rusie te begin, is om ‘n damwal te breek; staak liever die getwis voor die vloed jou tref.” (Spr. 17:14). “As ‘n dwaas nie praat nie, kan selfs hy aangesien word vir ‘n wyse, en as hy sy mond toehou, vir ‘n verstandige mens.” (Spr. 17:28).

“As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde.” (Spr. 31:26). “Dit is eerbaar om ‘n rusie te vermy; enige **dwaas** kan ‘n rusie begin.” (Spr. 20:3). En, “Die selfsugtige mens lewe net vir homself, hy verwerp alle oorlegpleging.” (Spr. 18:1). Is jy ‘n vrou wat die hele tyd kyf? (Sien hoofstuk 6, “‘n Twisgierige Vrou” en hoofstuk 8, “Sonder Woorde” vir meer inligting.)

**Verwyder die haat en seer: en probeer liefdevol kyk in jou man se oë.** “Die wat swaarkry, sien op na Hom en straal van blydskap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.” (Ps. 34:5). “Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.” (Matt. 23:12, Luk. 14:11, Luk. 18:14). Petrus het gevra hoeveel keur hy sy broer moet vergewe wat teen hom gesondig het. “Sewe keer?” het hy gevra. Jesus antwoord hom, “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs *sewentig maal sewe keer*.” (Matt. 18:22). Dit is 490 keer! Het jy besluit om jou man **nie te vergewe nie** vir wat hy aan jou en jou kinders gedoen het? Die gebrek aan vergifnis is baie gevaarlik vir jou en die toekoms van jou huwelik. (Vir meer inligting lees hoofstuk 9, “‘n Saggeaard en Rustige Siel” onder die opskrif “Vergifnis.”) Indien jy sukkel om te verg, kry ons getuienis eVideo. Dit is ‘n kragtige voorbeeld van hoe God “jou vergifnis gee” vir jou man soos jy aan Hom oorgee!

**Jy moet begin om jou eggenoot te sien soos God hom sien.** Bid vir jou eggenoot. Jy moet hom vergewe en almal wat betrokke is met hom (vriende, familie, mede-werkers en die ander vroue ook). (Weereens sien hoofstuk 9, “Sagmoedige en Stille Gees” onder die opskrif “Vergifnis” oor die gevare van **nie** vergewe nie.) Dan sal jy gereed wees om te bid vir die man wat God graag wil hê jou eggenoot moet wees. Hou op om na al die slegte goed te kyk wat hy besig is om te doen. Vervang dit met om vir God te vra om jou die goeie te wys wat hy doen en gedoen het in die verlede.

(Sien hoofstuk 7, “Wysheid en Vriendelike Onderrigting is op Haar Tong” onder die opskrif “Respek” vir meer inligting.)

Dank God vir hierdie dinge en maak tyd om dankie te sê vir jou man wanneer hy bel of kom kuier. **Maar** as **jy**, jou man verlaat het of beveel het om die huis te verlaat, **moet jy hom** bel en sy vergifnis vra. Hierdie punt is krities. Hoe langer jy wag, hoe groter is die moontlikheid van owerspel, as dit nie alreeds gebeur het nie. (Lees asseblief die getuienisse op ons webblad wat bewys lewer van hoe hierdie beginsels gewerk het in die lewens van baie vrouens wat dit gevolg het.)

Wanneer jy bely het, **moenie** aanhou bely nie. Dit kan teenwerkend wees. Dit is ook nie die kwessie of jou man die verskoning aanvaar of nie. Jy doen dit uit nederigheid en gehoorsaamheid aan God, niks meer nie.

**Praat vriendelik en liefdevol met jou man wanneer jy ‘n geleentheid kry om met hom te praat.** “Aangename woorde is heuning, soet en geneskragtig vir die mens.” (Spr. 16:24). “‘n Vrolike mens is ‘n gesonde mens, ‘n neerslagtige mens raak uitgeput.” (Spr. 17:22, Spr. 18:14). **Jy hoef nie bly te wees oor jou huweliksprobleme nie, maar wees bly dat God dit alles onder beheer het.** “Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om te huil. Later lewer dit egter vir die wat daardeur gevorm is, ‘n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.” (Heb. 12:11).

**Moenie luister na skinderstories of na enigiemand wat probeer om slegte dinge aan jou te vertel van jou man nie.** “Liefde bedek alles, *glo alles*, hoop alles, verdra alles. Die liefde vergaan nooit nie...” (1 Kor. 13:7). Miskien sê jou man dat hy nie betrokke is by iemand anders nie, maar jy **weet** hy is. Nietenstaande, moet jy hom eerder glo. jy is nie dom of naief nie, jy wys onvoorwaardelike of agapy liefde.

Soms is dit jou familie of naaste vriende wat jou probeer oorreed om voort te gaan met die egskeiding of jou man af te skiet oor die dinge wat hy gedoen het of doen. Jy moet jouself afsonder van hulle wat probeer om jou te laat afdwaal van God deur jou vlees en emosies te voer. “Vermy ‘n dwase mens; jy sal nie by hom leer om verstandig te praat nie.” (Spr. 14:7). “Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; bly weg van iemand wat baie praat.” (Spr.

20:19). As jy van jou man skinder, sal ander ook jou man beskinder! “Wie sy naaste beskinder, wil ek uitwis...” (Ps. 101:5).

Omdat jy baie raad sal ontvang wat in teenstelling is met die wil van God en Sy Woord, moenie jou situasie met ander bespreek nie. Uiteindelik sal dit self-bejammering en woede in jou opwek. Hierdie emosies is van die vlees en sal veg teen jou gees. God sê in Gal. 5:17, “Wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.” Om te luister na bespreking of soek na berading vir jou situasie sal verwarring meebring aangesien die meeste christene **nie** werklik die Woord van God **ken** nie en sommige pastore sal jou in teenstelling met God se Woord adviseer! Tensy hulle “op dieselfde water geloop het” mag hulle God se beginsels verontagsaam en verklein wanneer jy die hele **onbuigsame** Woord van God, desperaat nodig het om u huwelik te red!

**Moenie probeer uitvind wat jou man doen nie.** Indien jy vermoed daar is iemand anders, of jy weet daar is iemand anders waarmee hy betrokke is, doen dan wat God sê: “Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit. Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree.” (Spr. 4:25). “Moenie bang wees dat ‘n ramp jou skielik sal oorval, dat die storm wat vir slegte mense bedoel is, jou sal tref nie, want die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in ‘n strik beland nie.” (Spr. 3:25-26). En weereens onthou, “Liefde’**glo** alles.” (1 Kor. 13:7).

**Moenie jou man of ander persone betrokke konfronteer nie!** Dit is ‘n net van satan. Ek, soos baie ander vrouens, het in hierdie slagkat geval. Passop! Jy sal die vlees bevredig maar die nagevolge sal jou vernietig en enige gevoelens wat jou man vir jou het. Moenie met die ander vrou oor die telefoon of in persoon praat of vir haar ‘n brief stuur waarin jy haar vergewe nie. Dit is nie God nie. Dit is die duiwel wat speel met jou self-regverdigheid.

Baie maal dink vroue verkeerdelik dat hulle hulle mans moet konfronteer omdat hulle nie daarmee moet wegkom nie. **Almal** wat hulle mans gekonfronteer het, uit onkunde soos ek of deur hierdie boek of my persoonlike waarskuwing te ignoreer het aan my geskryf om te sê hoe spyt hulle is. Hulle **almal** het gedeel dat dit *vele* aaklige nagevolge gehad het!



Moet asseblief nie soos Eva wees wat voortgegaan en gedoen het wat sy geweet het verkeerd is nie!

Sodra die sonde ontbloot is, sal dit voor jou gesig gewapper word en sal jy die **voordeel verloor** wat God jou gegee het as “jou eie vrou” (Spr. 5:18). Jy moet onthou, “Liefde **glo** alles...” (1 Kor. 13:7).

Jy moet ten alle tye onthou dit is ‘n “geestelike” oorlog. Soos met alle oorloë, is dit dwaas en gevaarlik om die vyand te laat agterkom wat jy weet. Geen oorlog in die Bybel was ooit gewen deur eerstepandse inligting te openbaar nie. Dit vertel ook nie vir ons om die vyand se strategie te openbaar nie. In plaas daarvan, waarsku die Bybel, ons moet dit veg as ‘n geestelike oorlog. 1 Tim. 1:18 sê om die “goeie stryd te stry...” “...maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie.” (2 Kor. 10:3). Ons word gesê: “Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos ‘n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.” (1 Pet. 5:8).

Jou man, en ander werk saam met die duiwel as sy slawe om jou huwelik, toekoms en kinders te vernietig. “Julle weet tog: as julle, julle aan iemand onderwerp, is julle die **slawe** van die een aan wie julle gehoorsaam is. As dit sonde is, **beteken dit vir julle die dood**; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe.” (Rom. 6:16). Om hierdie oorlog te wen, moet **jy** ‘n slaaf van regverdigheid wees – moenie hom konfronteer oor sy sondes of wat jy weet nie!!

**Moenie probeer uitvind waar jou man is** indien hy nie vir jou gesê het waar hy is nie! Dit is God se beskerming **vir jou!** Wees stil, wees kalm. Gaan na jou binnekamer en begin om te veg deur gebed op jou knieë voor God. God kan jou man se hart verander, maar jy sal dit verhard as jy openlik wantroue, suspisie en jaloesie toon. “Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos ‘n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.” (Spr. 21:1). Die ander vrou sal dan skuldig vertoon, nie jy nie. Elke man beskerm en verdedig die egbreekster wanneer sy vrou fisies of verbaal die ander vrou aanval. Wees stil! Luister na die *Wees Aangemoedig videos* om hierdie noodlottige fout te vermy.

**Moenie oorhaastig reageer met enige besluit nie.** Op hierdie oomblik dink jy nie helder nie en reageer jy mees waarskynlik op jou emosie eerder

as wysheid. "...oorhaastigheid bring foute." (Spr. 19:2). "... 'n verstandige mens oorweeg elke tree wat hy gee." (Spr. 14:15). "Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood." (Spr. 16:25 en Spr. 14:12). "Jy sien self: vir die man wat praat sonder om eers te dink, is daar minder hoop as vir 'n dwaas." (Spr. 29:20).

"Mense kan dobbel, maar die Here bepaal hoe dit uitkom." (Spr. 16:33). "Wie wysheid het, is versigtig en vermy kwaad." (Spr. 14:16). Moenie haastige veranderinge maak soos om 'n "besoekers skedule" op te stel nie. Moenie haastig wees om 'n egskeding te kry nie. God sê: "Ek haat egskeding." (Mal. 2:16). Moenie uittrek of jou huis verlaat nie: "Sy ['n egbreekster] is luidrugtig en uitdagend, haar huis is te nou vir haar; sy maak haar rontes in die strate, op die stadpleine, sy staan en loer by elke hoek." (Spr. 7:11). Moenie haar weë volg nie!

**Het jy na jou man gegaan met jou behoeftes, vrese of probleme – sodat hy jou in die steek laat of verwerp?** Memoriseer hierdie verse: "My God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens Sy oorfloedige rykdom in Christus Jesus." (Fil. 4:19). "As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie...! Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, *vertrou op die Here!*" (Ps. 27:13).

"As die Here tevrede is met 'n mens se lewe, laat Hy selfs so 'n mens se vyande in vrede met hom lewe." (Spr. 16:7). "Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie." (Spr. 31:25). In plaas van smeek, neem die geleentheid om dankie te sê vir jou man en hom te prys dat hy vir jou versorg het in die verlede. Dit is God se manier: dit word tevredenheid genoem.

Deel van jou probleem is moontlik jou beroep. God het gesê ons moet wag vir dinge, maar ons beweeg vooruit en bestorm dinge, miskien het jy "nodig" gehad om te gaan werk. Nou is jou huis leeg terwyl jy werk, jou kinders is in 'n dagsorg en jou man het sy eie woonstel. Satan is 'n leuenaar!

Binnekort gaan jy jou huis wat jy so hard voor gewerk het verloor. Laat God toe om jou huis, jou familie en jou huwelik te red. (Sien die gedeelte "Almal se dienaar" in les 14, "Die Werksaamhede van Haar Huis" vir meer inligting. Hierdie les kan u vind in "*'n Wyse Vrou*".)

**Moet nooit jou man se hulp en ondersteuning soek in jou huidige beproewinge nie.** Daar is geen beter manier om jou man van jou weg te dryf as om hom alles te vertel wat verkeerd is by die huis nie! Die rede hoekom hy jou verlaat het was om te “vlug” van die moeilikheid. Hy sal **nooit** terugkeer na ‘n huis waar daar chaos is of om jou te kom help nie – nooit! ‘n Man wat jou verlaat of betrokke raak met ‘n ander vrou konsentreer daarop om geluk te vind. As jy hulp kry deur u liefdesverhouding met God, soos jy behoort, dan wanneer moeilikheid kom (en dit sal), dan sal jou man huis toe hardloop.

**Het jy ooit jou man aangemoedig om jou te verlaat?** Ons by Restore Ministries het te veel vrouens gesien wat hulle mans gevra het om te loop, of wat eerste die woord “egskeiding” genoem het in tye van woede. Wanneer jy ‘n slegte saaitjie plant, moenie verbaas wees as hy in owerspel beland nie. Woorde het meer krag as wat jy besef. “Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag.” (Matt. 12:36).

As daar ooit probleme was soos alkohol, dwelms of mishandeling moenie owerspel daarby voeg nie. Miskien wou jy hê hy moes jou verlaat oor alkohol, dwelms of owerspel. Of miskien het julle net gevoel julle is nie meer lief vir mekaar nie. Lees asseblief hoofstuk 8, “Gewen sonder ‘n Woord” onder die opskrif “Vertroos diegene” vir meer inligting.) As daar probleme was met alkohol, dwelms of mishandeling moenie owerspel daarby voeg nie. Mans wat uit hulle huis getrek het word as “enkel” beskou al is hulle **nie!** Om uitmekaar te gaan is die eerste stap na egskeiding. En egskeiding is ‘n lewensveranderende fout.

Baie ouer vrouens onkundig oor die vernietiging van uitmekaargaan, adviseer jong vrouens om hulle mans te vra om hulle te verlaat of om hulle nie toe te laat om terug te kom nie. Ouer vrouens, soos gemeld in Titus 2, moet onderrig wat goed is en jonger vroue aanmoedig “...om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die Woord van God nie in twyfel kom nie.”

Die uitmekaargaan waarvan gepraat word in 1 Kor. 7:5 moet met wedersydse toestemming gedoen word **en** vir die doel om te vas en bid. Hierdie vers bevestig dit: “En as ‘n vrou met ‘n ongelowige man getroud is en hy gewillig is om by haar te bly, **moet sy nie van die man skei nie.**” (1 Kor. 7:13).

Om ‘n keuse te maak om uitmekaar te gaan of te skei, kies jy om nie net jou lewe nie, maar ook jou man se lewe te vernietig asook die toekoms van jou kinders. Jou (toekomstige) kleinkinders, jou ouers en al jou vriende sal ook die verwoestende effek ervaar van hierdie selfsugtige, onkundige en dwase besluit.

Deur voor te stel dat jou man jou verlaat, het jy die eerste stap geneem na egskeiding. Is dit nie tyd vir omdraai voordat dinge verder gaan nie? Die wêreld en satan het jou oortuig dat hierdie uitmekaar gaan of egskeiding dinge beter sal maak, maar dit is **‘n leuen!** As dit waar was, sou 8 uit 10 mense nie geksei het in ‘n tweede of daaropvolgende huwelik nie. Weereens, is die Bybel duidelik: “En as ‘n vrou met ‘n ongelowige man getroud is en hy gewillig is om by haar te bly, **moet sy nie van die man skei nie.** (1 Kor. 7:13).

**Indien jou man jou verlaat het, moet jy ophou om hom te agtervolg, druk of in sy pad te staan.** Hy sal net harder probeer om van jou af na die bose toe te hardloop. “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die goddeloses **volg nie**, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie.” (Ps. 1:1). Die enigste padblokkade behoort “doringtakke” te wees. (Hos. 2:6). Jy moet die boek van Hosea in jou Bybel lees. Ons het vir jou ‘n gebed geskryf wat jy kan memoriseer gebasseer op die “pad versper met doringtakke.” (Jy sal dit in hoofstuk 17, “Om in die Bres te Tree.” vind). Bid dit daagliks vir *jou* man.

Baie bedienings moedig “staanders” aan om die eggenoot wat hulle verlaat het te volg, met die laat van telefoonoproepe, kaarte, briewe en verklarings oor hulle “huweliksooreenskoms”. **Dit is nie skriftuurlik nie** en het veroorsaak dat baie “lewenslange staanders” geword het. Die Bybel sê, “As die ongelowige egter wil skei, **laat hom skei.** In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie. God het julle geroep **om in vrede te lewe.**” (1 Kor. 7:15). “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van die

goddeloses volg nie, **nie met sondaars omgaan** en ligsinniges saamspan nie.” (Ps. 1:1). Die Bybel sê: Jy moet jou man laat weet dat hy vry is om te gaan (gebaseer op 1 Kor. 7:15). Dit sal hom stop om te hardloop, te skei of in ‘n ander huwelik te spring!

**Maar ek is reeds geskei.** Dit is nooit te laat nie al het ‘n egskeiding reeds plaasgevind. Baie “trou weer” hulle gewese eggenoot **na** hulle egskeiding. “Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.” (Rom. 12:21). God het Sy profeet Hosea spesifiek gevra om weer met sy vrou Gomer te trou nadat sy blatant ontrou was aan hom. “Want sy is nie my vrou nie, en ek is nie haar man nie...” “...Dan sal sy dalk sê: ‘Ek sal na my eie man toe teruggaan, want ek was by hom beter versorg as nou.’” (Hos. 2:7). “Die Here het vir my gesê (Hosea), ‘Gaan knoop weer ‘n liefdesverhouding aan met ‘n vrou wat vir ander mans lief is en egbreuk pleeg...’” (Hos. 3:1). God het die storie van Hosea gebruik om sy verbondenheid aan Sy eie bruid (die kerk) te wys asook sy sterk gevoel oor die huwelik.

**Moenie toelaat dat jou kinders jou pyn of woede sien teenoor jou man nie.** Doen *alles* om jou kinders te beskut van wat besig is om te gebeur. Dit sal slegs negatiewe gevoelens veroorsaak teen hulle vader. (Luister asseblief na “Wees Aangemoedig” eVideo #4, om te sien hoe om dit skriftuurlik te doen.) Moenie jou man blameer nie. “‘n Wyse vrou **sorg** vir haar huis; ‘n vrou sonder wysheid **breek** alles af.” (Spr. 14:1). “Die Here draai die hart, soos ‘n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.” (Spr. 21:1). Wees versigtig waarheen jy, jou kinders se harte draai. “Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen *sodat Ek nie hoef te kom en die land heeltmal vernietig nie.*” (Mal. 4:6). Want “...die vaders is vir hulle seuns ‘n sierraad.” (Spr. 17:6).

Die Here het hierdie beproewinge in jou en jou kinders se lewe toegelaat, vir ‘n tyd, om jou nader aan Hom te trek en sy werk in julle almal te volbring en dan jou saam terug te bring vir Sy glorie. Wanneer jou man nie naby is om te blameer nie, kyk na God! Wanneer jy nader aan Hom is, kan Hy jou meer na Sy beeld verander! “Ek het die Here aangeroep en Hy het my geantwoord, Hy het my gered uit alle doodsgevaar.” (Ps. 34:5).

**Moenie toelaat dat jou kinders sleg van hul vader praat nie.** Jy moet respek afdwing vir hul vader (ongeach of hulle 5, 15 of 25 is!). “Eer jou vader en jou moeder.” (Exod. 20:12, Deut. 5:16, en Mark 7:10). Weereens onthou, “Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat *Ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie.*” (Mal. 4:6). (As jy sleg gepraat het van hul vader, vra eerste God se vergifnis, daarna vra jou man se vergifnis en daarna jou kinders.) “Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie.” (Spr. 28:13). Begin dan jou man opbou in jou kinders se oë en jou eie. (Sien hoofstuk 7, “Wysheid en Vriendelike Onderrigting is op haar Tong” onder die opskrif “Respekteerbaar” vir meer inligting.)

Onthou, dit sal moeilik wees om respek af te dwing vir hulle vader as **jy** disrespek vir jou man toon.

**Moenie toelaat dat jou kinders tugtelos raak nie.** “...’n kind wat sonder dissipline grootword steek sy moeder in die skande.” (Spr. 29:15) In plaas daarvan dat jou kinders uiting gee aan hulle woede, gebruik die tyd om hulle te leer om hulle vader te vergewe en vir hom te bid. Wanneer die woede verdwyn het, sal hulle steeds die pyn voel, leer hulle dan om op die Heilige Gees staat te maak vir vertroosting. Hierdie vers het my 5jarige gememoriseer: “God self het gese: ‘Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.’” (Heb. 13:5). U kinders is op die oomblik verward, gee hulle duidelike aanwysings. (Sien les 15, “Onderwysing van Jou Moeder” vir meer inligting in “’n Wyse Vrou.”) Weereens, gaan jy probleme hê om dit af te dwing as jy ‘n tekort het aan beheer.

**Wees versigtig om nie die “maklikste” weg te kies nie.** Dit mag na die maklikste weg lyk, maar op die einde is dit die weg na meer droefheid, beproewinge, moeilikhede en hartseer as wat jy op die oomblik ondervind. Ons wat deur moeilike huwelike, uitmekaargaan en deur egskeidings is, wil jou waarsku teen enige idees, boeke of ander mense wat jou wil oortuig na die weg van die wêreld, dit eindig **altyd** in ramspoed! As die wêreld dit goedkeur dan weet ons as christene dit is die wye pad na vernietiging.

Smal is die weg wat lei na die lewe en hulle wat dit kry, is min! “Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en die wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en die wat dit kry, is min.” (Matt. 7:13-14). Jy moet kyk vir daardie smal weg in al jou besluite, die manier hoe jy

met ander praat en die manier hoe jou beproewinge, nou en in die toekoms, wat na jou kant toe kom hanteer.

**Wees asseblief versigtig wat jy lees.** Die boeke wat se grondslag filosofie of geskryf deur sielkundiges of huweliksberaders is, sal jou verstand vul met vernietigende gedagtes. Wees versigtig om boeke te lees met onderwerpe soos “harde liefde”, “gee smaak aan jou huwelik” en “mede-afhanklikheid”. Ons het die skade gesien wat hierdie idees aangerig het in huwelike en vrouens wat na dit gekyk het in desperaatheid. Begin om jou verstand te hernuwe met God se Woord. As jy iemand is wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink (soos in Psalm 1), sal jou **voorspoedig** wees in alles wat jy aanpak!!

**Kyk na God en hulle met dieselfde “denke”** wat jou bemoedig om God te vertrou vir jou huwelik. Gaan asseblief na die Berader (God se Woord) wat gratis is, en spaar jou geld en jou huwelik. God wil jou vir Homself hê. Bly weg van “professionele”. Elke professionele mens het sy/haar manier en oortuigings. Daar is miljoene beide christene en sekulêre huweliksberaders en boeke oor huweliksprobleme. As hulle al die antwoorde geken het, hoekom is daar ‘n epidemie van egskeidings, veral in die kerk?!!

**Waar moet jy begin? Wat moet jy doen?** Begin om jou afgebreekte huis na die rots te skuif. “Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots.” (Matt. 7:25). “‘n Wyse vrou sorg vir haar huis; ‘n vrou sonder wysheid breek alles af.” (Spr. 14:1). “Daar is verstand nodig om ‘n huis te bou, insig om sy fundamente te lê, kennis om sy kamers te vul met allerhande kosbare en mooi goed.” (Spr. 24:3).

**Prys God in alle dinge.** “Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ‘n offer van lof bring, die lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat Sy Naam bely.” (Heb. 13:15). “Wees altyd **bly** in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” (Fil. 4:4).

**Leer om regtig te bid.** “En Ek het iemand tussen hulle gesoek wat ‘n muur sou bou en die stad **in die bres sou tree** dat dit nie vernietig word nie, maar

Ek het niemand gekry nie.” (Ezek. 22:30). Om in die bres te tree beteken nie om in jou man se pad te staan nie!

**Neem elke gedagte gevange.** “...en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” (2 Kor. 10:5).

**Begin om jou verstand te vernuwe** om soos God s’n te wees en om af te kyk na jou situasie soos Hy daarna kyk, van bo af. Kry “’n Wyse Vrou” en werk daardeur saam met ’n vriendin. Kry ’n “Bybel Beloftes Boek” van jou plaaslike christelike boekwinkel en sit dit in jou badkamer. Baie vrouens gebruik dit as hulle bidkamer wanneer hulle kinders en man in die huis is. Dit is ’n plek van toevlug en jy kan Sy beloftes bepeins.

Kry 3x5 kaartjies en skryf verskillende Bybelverse neer wat jy kan gebruik om jou gedagtes te vernuwe om in die Gees te veg (die Swaard van die Gees is die Woord van God), of om dit te gebruik as jy ’n aanval van vrees, twyfel of leuens ervaar. Hou dit by jou en lees dit oor en oor. Hou op om so baie oor jou probleme te praat, luister na God en lees Sy Woord. Psalm 1 gee ’n belofte aan jou “...maar iemand wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos ’n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is **voorspoedig** in alles wat hy aanpak.” Prakties gesproke, as jy hierdie boek lees en oorlees tot ’n punt waar dit uitmekaar val of tyd maak om die 3x5 kaartjies te maak met die verse wat jy nodig het, sal jy nie kan help om op die Woord te mediteer nie. Omtrent elke vrou wat ek ontmoet wat ’n gerestoreerde huwelik het, het een van hierdie dinge of albei gedoen. **Geen huwelik is te ver heen nie.** “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.” (Matt. 19:26.) Weereens onthou dat dit nie waar is dat jy en jou man, saam hulp moet soek vir julle huwelik nie. Ons het die goeie “vrugte” van vrouens wat God gevra het om hulle mans se harte te verander en aan hulle te werk gesien, en God was getrou. (Matt. 7:16, 20.) “Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoe kan jy vir jou broer sê: “Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal, en intussen is daar ’n balk in jou eie oog?” Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.” (Matt. 7:3, Luk. 6:41.) Ons bid dieselfde vir jou: dat jy duidelik sal sien hoe om regtig jou man te help



deur `n goddelike vrou te wees met `n sagmoedige en stil gees wat glimlag oor die toekoms.

**Hoe lank?** Baie vroue het my al gevra vir “hoe lank” hulle eggenote weg sal wees of “hoe lank” hulle beproewing sal aanhou. Dit mag help as jy daaraan dink as ‘n reis. Hoe lank dit neem hang dikwels af van jou. Soos die Here jou ‘n plek wys waar Hy aan jou werk, werk jy saam “met Hom”. Moenie op `n spoor gebring word deur die alledaagse lewe nie. Satan sal die “sorge van die wêreld” bring om die Woord van God uit jou te wurg. Hy sal ook situasies, noodgevallen en ander krisisse bring wat jou aandag van jou bestemming sal wegdraai – jou gerestoreerde gesin!

Te dikwels lyk dit of die reis “gaan staan”. Neem net die volgende stap van gehoorsaamheid. Ons *Wees Aangemoedig Videos* kan help. Wanneer jy moeg raak van wag, moenie moed verloor nie. Dit is die tyd wat God gebruik om ons geloof te rek en ons aandag te fokus op die werk wat Hy in ons lewens doen. Al wat nodig is, is ons gehoorsaamheid, wat geestelike krag sal vrystel om ons onthalwe. Dit is nie nodig dat God vir ons `n gedetailleerde verduideliking gee wat Hy doen nie. Ons weet dat Hy sy doelwitte sal laat uitwerk wat ookal gebeur, ook wanneer ons `n fout maak. Ons moet glo dat Hy werk met mense en situasies en omstandighede rangskik Hy vir sy goeie werk met ons.

## Daar is NOG hulp!

Ons het nou `n video reeks wat in meer besonderhede tree en gee meer hulp in beantwoording van baie van jou vrae. (14 ure van hulp en bemoediging). Hierdie videos, weet ek, sal jou help. Hulle sal meeste, indien nie alle vrae wat jy het in terme van die praktiese uitvoering van beginsels waarvan jy gelees het en gaan lees, beantwoord. Dit is meer oor myself en wat ander gedoen het wat oorwinning en gerestoreerde huwelike gebring het.

As jy oorstelp word deur ander wat jou vertel jou situasie is hopeloos, wil ek jou aanmoedig om ons getuienis boek *By the Woord van Hulle Getuienis* te bestel. Hierdie boek is vol getuienisse van hopelose huwelike wat God

wonderbaarlik gerestoreer het. As jou ouers, vriende, pastoor of medewerkers dink jy is mal om jou huwelik te herstel, gee hulle ‘n *By the Woord van Hulle Getuienis* boek en kyk hoe hulle jou begin bemoedig eerder as om jou te ontmoedig.

Jy kan ons getuienis boeke bestel, of ons *Wees Aangemoedig Videos* by:

**Uiteindelikhoop.com**

**of**

**RestoreMinistries.net**

Ons bied ons herstel pakkette teen ‘n afslag prys aan om die wat finansieël sukkel te help.

Ons sien uit na die geleentheid om jou te help deur ons webblad en vir die te bid soos wat hulle gebedsversoeke stuur. Tot dan, laat my nou vir jou bid

“Liewe Here, lei asseblief hierdie spesiale suster tydens die moeilikheid in haar huwelik. Wanneer sy van koers af raak, sal sy agter haar ‘n stem hoor sê: ‘Hier is die pad, loop hierlangs. (Jes. 30:21)

“Al val daar duisende om haar, vir haar sal niks tref nie. Verseker haar dat wanneer sy ‘n duisend sien val aan haar regterkant en tienduisend aan haar linkerkant, help haar om te weet as sy U volg, dit nie met haar sal gebeur nie. Verberg haar onder U beskermende vlerke.

“Help haar om die smal weg wat na die lewe lei te vind, die oorfloedige lewe wat U het vir haar en haar gesin. Here ek bid vir ‘n getuienis wanneer hierdie moeilike of gebroke huwelik gerestoreer word sodat U dit vir U Glorie kan gebruik. Ons gee U al die eer en glorie, Amen.”

# **Restore Ministries International**

**POB 830**

**Ozark, MO 65721**

**USA**

Vir Meer Hulp  
Besoek een van die volgende Webwerwe:

**[Uiteindelikhoop.com](http://Uiteindelikhoop.com)**

**[EncouragingWomen.org](http://EncouragingWomen.org)**

**[HopeAtLast.com](http://HopeAtLast.com)**

**[RestoreMinistries.net](http://RestoreMinistries.net)**

[RMIEW.com](http://RMIEW.com)

[RMIOU.com](http://RMIOU.com)

[AjudaMatrimonial.com](http://AjudaMatrimonial.com) (Portugees)

[AyudaMatrimonial.com](http://AyudaMatrimonial.com) (Spaans)

[Zachranamanzelstva.com](http://Zachranamanzelstva.com) (Slovak)

[Aidemaritale.com](http://Aidemaritale.com) (Frans)

[EncouragingMen.org](http://EncouragingMen.org)